Publication: Landbouweekblad
Date: Thursday, June 10, 2021
Page: 27

LBW | RUBRIEK GELDBEPLANNING | NICO VAN GIJSEN



# Laat jou testament namens jou praat

**Ná jou dood beheer jou testament alles wat jy besit het en wat nou aan ander mense bemaak moet word. As die bewoording en uitvoerbaarheid nie deeglik en korrek is nie, is die testament nie die papier werd waarop dit staan nie en kan jou wense nie uitgevoer word nie.**

Enkele feite oor testamente wat nie altyd so duidelik belig word nie, behoort beklemtoon te word.

Laat ek sommer met 'n stelling begin. Jou testament is een van die belangrikste dokumente wat jy in jou lewe gaan opstel. Hoekom?

Jou testament moet namens jou praat. Teen die tyd dat jou testament regskrag het, is jy nie meer daar nie. Totdat jy sterf, is jou testament net 'n geskrif op 'n stuk papier. Daarom is enige ooreenkoms wat 'n testamentêre bemaking insluit, vanuit die staanspoor nietig. Jou testament kry eers regsbetekenis ná jou dood en dan beheer daardie dokument alles wat jy gehad het.

Baie mense dink skynbaar (foutiewelik) as hulle 'n familielid as eksekuteur aanstel, sal dit moontlik wees dat daardie familielid ná jou dood met besluite oor die boedel kan help – soos in die veronderstelling dat die eksekuteur ná jou dood in jou skoene gaan staan. 'n Mens hoor dit baie, maar dit is sommer bog.

Die eksekuteur is daar om te sorg vir die administratiewe proses om jou boedel afgehandel te kry. Dit is 'n emosielose regsproses, aangedryf deur die bepalings in jou testament. Die koue betekenis van woorde is belangrik, selfs belangriker as wat jy dalk in gedagte gehad het.

Dit bring my terug by jou testament. Net so belangrik soos dit is om 'n eksekuteur aan te stel wat sy of haar storie ken, is dit belangrik om 'n spesialis te kry om jou testament op te stel. Onthou, die eksekuteur kan net werk met wat in die testament staan. Indien die testament kortkom aan betekenis, gaan die eksekuteur nie veel hond haaraf kan maak nie.

Een van my gunstelingaanhalings oor testamente kom van die regter in die saak Raubenheimer vs. Raubenheimer: "Dit is 'n nimmereindige bron van verbasing dat so baie mense op onopgeleide raadgewers staatmaak met die opstel van hul testamente, een van die belangrikste dokumente wat hulle waarskynlik sal onderteken."

Hier is die probleem. Die feit dat jy 'n testament het, beteken nie jou laaste wense gaan uitgevoer word nie. 'n Kollega, W, het een aand met 'n boer en sy vrou gekonsulteer. Die boer het hom verseker sy testament is in orde. Die boer se vrou het egter, toe my kollega reeds aan't groet was, gepleit dat haar man tog net vir W die testament moet wys.

Die gevolg? W is nie 'n tree verder gegun nie en is teruggenooi om daar en dan 'n nuwe testament op te stel. Die rede? Die boer het in daardie stadium nog alles, die plaas inkluis, aan 'n verloofde van tien jaar gelede bemaak.

Ander is minder gelukkig. 'n Prokureur bel my nou die dag. Hy tree namens die ouers van 'n oorledene op. Sy het ál haar bates aan haar eerste man bemaak, weer getrou en weer geskei, maar nooit haar testament gewysig nie. Haar ouers is in geldnood. Haar eks is nie, maar hy erf alles.

As iemand wat hier lees, dalk meen dit kan die moeite werd wees om hof toe te gaan in gevalle soos hierbo genoem, is die antwoord: Nee, dit is nie. Testeervryheid – die reg om jou besittings te bemaak soos jy wil – is 'n baie sterk reg in Suid-Afrika. 'n Hof sal net inmeng in gevalle waar bemakings erg diskriminerend was (wat sosiale geregtheid betref en nie om naasbestaandes gelukkig te hou nie).

As jou testament nie aan die vereistes van die Wet op Testamente (Wet 7 van 1953) voldoen nie, sal daar 'n hofaansoek gebring moet word. Die hof sal dan moet beslis of die dokument as testament aanvaar word. Dit sal onnodige koste tot gevolg hê, wat uit die boedel betaalbaar is – anders gestel, met geld wat na jou erfgename kon gaan.

Maak eerder seker van jou testament. Dit moet namens jou praat. Niemand anders kan nie. **LBW**

*Mnr. Nico van Gijsen is 'n gesertifiseerde finansiële beplanner, belastingpraktisyn, lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen, e-pos: **nico@finlac.com, 021 461 2067**.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.